

|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                   |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>DHAKA (Bangladesj)</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                         |
| Bevolking: 23,9 milj; Godsdien: Moslems 89%; Christene 0,6%; Amptelike taal: Bengali; Geletterdheid 75%                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                           |
| <b>HET JY GEWEET:</b> Dhaka, voorheen bekend as Dacca, is die hoofstad & grootste stad in Bangladesj. Dit is die 9 <sup>de</sup> grootste stad met die 7 <sup>de</sup> meeste mense in die wêreld. Dit is geleë langs die Burigangarivier & is die setel van die nasionale regering, handel & kultuur. Dhaka is bekend as die Stad van Moskees (meer as 6000 moskees) & is 'n sterk vesting van Islam. Dit is ook die vinnigste groeiende stad in die wêreld, met 2 000 mense wat daaglik daarheen verhuis! Die invloed van mense dra by tot die onvermoeë van die stad se infrastruktuur om by te hou & lei tot die ergste lugbesoedeling in die wêreld. Minder as 1 milj van die 173 milj inwoners van Bangladesj is Christene. Meeste woon in die Chittagong streek. Terwyl die grondwet godsdiensvryheid aan Christene verseker is die teendeel waar. Is iemand Jesus aanneem word hy/sy uit hulle familie & gemeenskap verban. Dit maak die evangelisering van mense in Dhaka moeilik. (Geneem uit 30 dae gebed vir Ramadan) |
| <b>Bid asb. :</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>Dat die klein Christengemeenskap in Dhaka sterk sal staan te midde van vervolging &amp; dat hulle sal voortgaan om die lewegewende boodskap van Jesus te verkondig.</li> <li>Vir lang &amp; kort termyn oplossings vir die geweldige armoede in die stad &amp; dat daar in die mense, wat na die stad verhuis, se behoeftes voldoen kan word.</li> </ul> <i>Moenie agter afgode aan wegdraai nie. Hulle kan nie help of red nie, want hulle is niks. (1Sa 12:21)</i>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                     |



Geneem uit CIA World Fact Book



**SAawe**  
**Patrys 083 973 4011**

|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                          |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>DAMASKUS (Sirie)</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                  |
| Bevolking: 2 milj; Godsdien: Moslems 74%; Christene 14.1%; Amptelike taal: Arabies; Geletterdheid 97%                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                    |
| <b>HET JY GEWEET:</b> Damaskus, die hoofstad van Sirië, is een van die digt-bevolkte stede in die land & saam met Homs, 'n hoof sentrum van die Siriese opstand & katalis van die burger-oorlog wat in 2011 begin het. Damaskus word beskou as die oudste hoofstad in die wêreld & is al die "Pêrel van die Ooste" genoem. Beide stede het baie verliese & agteruitgang gelei sedert die oorlog begin het. Onder Bashar al-Assad se onderdrukkende beheer het die konflik verminder. Reise na Damaskus & Aleppo het hervat & is redelik veilig. Vir 'n lang tyd was daar 'n groot Christengemeenskap in Damaskus, maar die volksmoord in die 19 <sup>de</sup> eeu het veroorsaak dat baie die land verlaat het. Geen omvattende godsdiens-sensus is sedert die 1960's opgeneem nie, maar daar word geskat dat 6% van die bevolking Christene is. Meeste van die gelowiges is deel van een of ander van die Ortodokse gemeenskappe. (Geneem uit 30 dae gebed vir Ramadan) |
| <b>Bid asb. :</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>Vir 'n einde aan die geweld.</li> <li>Vir wysheid, dapperheid &amp; beskerming van die "Gospel SURGE" spanne wat in die land werk om Jesus na die mense te bring.</li> <li>Vir vlugtelinge, die armes &amp; die gebrokenes om hoop in Jesus te vind.</li> </ul> <i>Mense oor die hele wêreld sal die Here erken en hulle tot Hom bekeer. ... (Ps 22:28)</i>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                     |



Geneem uit CIA World Fact Book



**SAawe**  
**Patrys 083 973 4011**

|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>TRIPOLI (Libië)</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                         |
| Bevolking: 3,1 milj; Godsdien: Moslems 90%; Christene 2,5%; Amptelike taal: Arabies; Geletterdheid 76%                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                         |
| <b>HET JY GEWEET:</b> Tripoli, Libië se hoofstad, is 'n groot metropolitaanse area aan die Mediterreense kus. Voor sy onafhanklikheid in 1951, was die land vir 2000 jaar, met tussenposes, onder buitelandse beheer. Agv hulle dor klimaat, was Libië byna heeltemal van buitelandse hulp & invoere afhanklik vir die stabiliteit van hulle ekonomie, totdat petroleum ontdek is in die laat 1950's. Na die opkoms & val van die sosialistiese staat onder Muammar Gaddafi se leierskap, sukkel die land om die oorblywende konflik te beëndig & om staatsinstellings op te bou. Libië se mense het baie gely gedurende hierdie tyd, met baie duisende ongevallen & 60% van die bevolking wat ondervoed is. Groot getalle migrante kom Tripoli binne, in die hoop om die gevaarlike kruising na Italië te maak. Die huidige chaos in Libië gee aan mense handelaars die vryheid om hierdie kwesbare mense uit te buit. Christene is omtrent 2,5% van die bevolking. Baie van hulle kruip weg in vrees vir vervolging of selfs die dood. (Geneem uit 30 dae gebed vir Ramadan) |
| <b>Bid asb. :</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>Vir 'n magtige gebedsbeweging om onder die huiskerke pos te vat.</li> <li>Dat Tripoli 'n sendingstad sal wees, wat die hele land &amp; die streek sal impakteer met die bevrydende krag van Jesus.</li> <li>Dat die Koninkryk van God die werke van die duiwel sal vernietig.</li> </ul> <i>"....baie nasies (sal) hulle aan die Here verbind: hulle sal my volk wees,...." (Sag 2:11 )</i>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                           |



Geneem uit CIA World Fact Book



**SAawe**  
**Patrys 083 973 4011**

|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                          |
|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>TEHERAN (Iran)</b>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                    |
| Bevolking 9,6 milj; Godsdien: Moslems 96,62%; Christene 0,2%; Amptelike taal: Farsi; Geletterdheid 88,9%                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                 |
| <b>HET JY GEWEET:</b> Teheran is, in 1786 deur Agha Mohammad Khan van die Qajar dinastie, as hoofstad van Iran gekies. Vandag is dit 'n megalopolis met 9,5 milj mense. Na die mislukte kernooreenkoms met die VSA in 2015, het streng sanksies teen Iran, hulle ekonomie verswak & die publiek se mening, oor die enigste Islamitiese teokrasie in die wêreld, beïnvloed. Soos wat die toegang tot basiese benodighede & regerings beplanning vererger word die mense van Iran verder ontnugter oor die regering se beloftes van 'n Islamitiese utopie. Hierdie is net 'n paar van die baie faktore wat bydra dat die kerk in Iran die vinnigste groeiende kerk in die wêreld is. (Geneem uit 30 dae gebed vir Ramadan) |
| <b>Bid asb. :</b> <ul style="list-style-type: none"> <li>Dat Iranese se strewe na grootheid, voorspoed, vryheid &amp; selfs geregtigheid uiteindelik, deur aanbidding van Jesus, bevredig sal word.</li> <li>Vir krag &amp; dapperheid vir gelowiges om hulle geloof te deel.</li> <li>Dat die Koninkryk van God deur tekens, wonders &amp; krag sal kom &amp; vir die vermedigvuldiging van uitreike, dissipelmaak &amp; kerkplanting in Iran.</li> </ul> <i>Ek het My laat vind deur mense wat My nie ....gesoek het nie. (Jes 65:1)</i>                                                                                                                                                                               |



Geneem uit CIA World Fact Book



**SAawe**  
**Patrys 083 973 4011**